

Inhoud Hierdie preek wys op die verskil tussen hoe gelowiges van sonde bekeer en hoe geestelikes van bekering die wyse maak waarop mense hul harte vir mekaar sluit. Bekering in en uit geloof gaan nooit oor skulderkennings nie, want ons is vrygemaak van alle skuld. Dit kan ook nooit oor skuldverklarings gaan nie, want ons is in Christus regverdig en heilig gemaak. Ons erken sonde, nie sondeskuld nie, maar omdat ons ons harte vir mekaar oopmaak, omdat ons mekaar lief het. Ons erken ons oortredings as die sluit van ons harte en in liefde rou ons oor liefde wat moes gewees het. Alle geestelikes bedryf bekering as regstellende aksie – as die aksie waar skuldverklarings en skulderkennings gemaak word om skuld te vergoed. Hierdie boetedoening is nie bekering nie want dit maak mense in hul liefde vir God en mekaar dood: dit sluit mense se harte vir mekaar.

Skriflesing 2 Korintiërs 5: 14 -18; 6: 11 – 16; 7: 1, 3, 9 – 13.

Teks 2 Kor. 7: 10 “Want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei.”

Tema Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie.

1. In die vorige preek het ons gesien dat Christus ons nuwe mense maak. Hy maak ons vir God regverdig en heilige mense. Regverdig maak beteken God maak ons en ons liefde vir Hom reg en heilig beteken God maak ons en ons liefde vir Hom volkome.

Dit is hoe God ons vir Hom en vir mekaar nuut laat wees.

Alles wat ons onregverdig en onheilig is en doen, is met Christus se dood begrawe, dit beteken dit is met Christus se dood beëindig, sodat ons in God se liefde vir ons kan leef. God laat ons en ons liefde só vir Hom reg en volkome in sy liefde wees.

Hierdie magsdaad van God om ons reg en heilig te laat wees maak ons bekerings van sonde tot gehoorsaamheid aan God se wet nuut.

2. Paulus wys in 2 Korintiërs 7 dat daar twee soorte bekerings van sonde tot gehoorsaamheid aan God se wet is: a. droefheid volgens die wil van God, wat die bekering van geredde mense is en b. droefheid volgens wêreldse oorwegings wat vir mense die dood bring.

Droefheid hier beteken hartseer en berou oor wat verkeerd is of wat verkeerd gedoen is. Hiermee verklaar Paulus dat jy op twee verskillende maniere berou oor sonde kan hê en hartseer oor sonde kan wees wat jy gedoen het: a. jy kan berou hê en hartseer wees oor jou sonde as 'n geredde mens of b. jy kan berou hê en hartseer

Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie

wees oor wat jy verkeerd gedoen het uit wêreldse oorwegings wat jou vir God dood sal laat wees.

Dit is die verskil! Bekering volgens God se wil laat jou as geredde mens in God se liefde leef terwyl bekering wat regstellende aksie is volgens die oorwegings van hierdie wêreld, jou vir God se liefde doodmaak.

3. Paulus verklaar sy liefde as leraar vir die gemeentelede in die gemeente Korinte op 'n baie besondere wyse in die woorde: Julle is in ons harte om mee saam te leef en te sterwe. (2 Kor. 7: 3)

Hierdie liefdesverklaring is nie romanties of sommer net 'n vorm van kameraadskap nie. Hierdie liefdesverklaring kom direk uit die geloofsbelydenis van 2 Kor. 5: 14 en 15: Ons het almal saam met Christus gesterwe, nou leef ons almal die nuwe lewe wat Hy as Here met ons deel, met mekaar en vir mekaar!

Hoe?

Volgens die liefdesverklaring ons is in mekaar se harte om mee saam te leef en sterf met mekaar en vir God. In en uit ons vereniging met Jesus Christus se sterwe vir ons sonde en sy lewe vir God wat Hy vir god vandag reg en heilig leef, is ons in mekaar se harte

- Onskuldig teenoor God en mekaar vir die sonde wat ons doen
- Sonder enige straf, oordeel of vervloeking teenoor God of mekaar vir ons sonde
- Vry van die eis dat ons eers onself moet reg maak en volkome maak om vir God en mekaar reg en volkome te wees
- Vry van die voorwaarde dat ander hulle self eers vir my reg en volkome moet maak

Op hierdie wyse, uit ons geloof in ons vereniging met Jesus Christus, leef ons in die liefde wat ons in mekaar se harte is om mee saam te leef en te sterf. Ons is in ons gebroke liefde vir God en mekaar reg en heilig in Christus.

4. Hoe verander hierdie liefde uit geloof die wyse waarop ons van sonde bekeer, hierdie liefde uit die geloof dat ons vir God en mekaar heilig en regverdig is?

In die liefde uit hierdie geloof,

- Kan ons nie meer ons sondes bely of daaroor berou hê as skuld wat ons teenoor mekaar het nie, want uit ons geloof is ons vir mekaar onskuldig!

Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie

- Kan ons nie meer ons sondes bely of oor ons sonde berou hê as mense wat teenoor mekaar of God strafbaar en veroordeeld staan nie, want is ons is God en mekaar regverdig en heilig.
- Kan ons nie meer ons sondes bely of daaroor berou hê as die wyse waarop ons ons oortredings met en vir mekaar eg maak nie, want ons sondes is reggemaak in Christus.

Die lewe wat die Here met ons deel as mens wat vir ons sondes gesterf het en vandag as mens vir ons leef om ons reg en heilig te laat wees, maak dit onmoontlik vir ons om ooit weer só ons sondes te kan bely of daaroor hartseer te kan wees.

5. Op hierdie wyse gee Christus aan ons sonde-erkennings, ons sondeberou en afkeur in sonde 'n totaal nuwe bedoeling en werking!

Paulus beskryf hierdie nuwe bedoeling en werking van bekering in 2 Korintiërs 7 verse 11 tot 13 as die dae waarmee jy nie meer jou hart vir God en jou naaste toesluit nie, maar jou hart vir God en jou naaste wyd oopmaak! Dit beteken dat jou bekering deur sondebelydenis, berou en 'n afkeur in sonde die wyse is waardeur jy nie meer jou liefde weerhou nie, maar die wyse is waarop jy jou liefde gee.

Want dit is wat sonde se diepste bedoeling is: om jou hart vir God en jou naaste te sluit!

Wie egbreuk pleeg, het sy hart vir sy vrou of haar man gesluit!

Wie nie sy ouers eer nie, het as kind sy hart vir sy ouers gesluit.

Wie sy naaste se persoon doodmaak en later sy lewe laat neem of self neem, het sy hart vir sy naaste gesluit.

Wie sy naaste besteel, belieg of sy besit begeer, het sy hart vir sy naaste gesluit.

En nie net vir sy naaste nie. Wie dit met mense doen het hulle harte vir God gesluit, net soos mense hulle harte ook vir mense sluit wanneer hulle met afgodsdienste hulle harte vir God sluit.

Daarom skep die geloof in Christus 'n nuwe bedoeling vir en werking van bekering!

- Ek bely nie meer my sonde as skuld, onder veroordeling, vervloeking en as regstellende aksie op my sonde nie. In skuldloosheid dat ek reg en heilig is, bely ek nou die daadwerklikheid van my sonde: ek het my hart vir jou gesluit en daar was nie meer in my hart plek vir jou nie. Nie vir God wie my liefhet en hulle met wie ek in liefde verbind is nie.

Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie

- My berou oor sonde is 'n daad waardeur ek weer my hart vir God en my naaste oopmaak. Dit is juis my oop hart wat my seermaak want deur my hart op te maak voel ek die verlore liefde. Onder skuld, veroordeling en met die poging om vir sonde te vergoed kan daar nie rou wees uit die liefde van 'n geopende hart nie.

6. Wat tussen Paulus en die gemeentelede van Korinte gebeur is 'n getuigenis van die nuwe soort bekering wat ons vereniging met Christus moontlik maak.

Paulus eis nie van die gemeente regstellende aksie vir die onreg wat hulle hom as leraar aangedoen het nie. U moet die besondere van sy stelling hoor in 2 Korintiërs 7: 3 “Ek sê dit nie om julle te beskuldig nie.”

Met hierdie stelling wys Paulus dat hy van die gemeentelede geen regstellende aksie op hulle sonde teen hom eis nie.

- Hy eis geen skulderkenning vir hul sonde nie.
- Hy maak geen beskuldiging oor hulle oortredings nie.
- Hy maak geen veroordeling oor hulle optrede teen hom nie.
- Hy vra geen vergoeding vir die skade wat hulle hom met hul sonde aangedoen het nie

Wat het gebeur wat verkeerd was en hoe het alles weer reg gekom?

Paulus het as leraar die gemeente aangespreek vir baie sondes in die gemeente:

- 1. 'n Man het sy stiefma sy eie vrou gemaak.
- 2. Lidmate het met persoonlike geskille mekaar hof toe gevat.
- 3. Lidmate het afgodsmaaltye bygewoon en
- 4. Rykes het armes met hulle luukse kossoorte by gemeente-etes verneder.

Toe het een man opgestaan en Paulus begin verdag maak en begin afspeel teenoor ander apostels asof hy nie regtig 'n apostel is nie, waarskynlik die man wat sy stiefma sy eie vrou gemaak het. Op hierdie wyse het hy die hele gemeente teen Paulus gedraai sodat hulle Paulus wat hulle oor hierdie verdagmakery kom besoek het met 'n blitsbesoek uit die gemeente Efese, uit hulle gemeente verjaag het.

Wat het hulle gedoen? Deur die aanhitsery van een man om nie oor sy sonde aangespreek te mag word deur 'n leraar nie, het hulle hulle harte vir Paulus gesluit! Dit is die diepste vorm van geweld teenoor hulle wat in en tot liefde aan jou verbind is: om liefde te weerhou!

7. Wat het hulle met hierdie daad om hulle harte te sluit gemaak?

Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie

Paulus verduidelik dit in 2 Korinte 6 verse 14 tot 18. Hierdie gedeelte moet in direkte samehang met hoofstuk 7 gelees word. Hulle sluit hulle harte om 'n vennootskap te maak tussen reg en verkeerd. Dit was presies wat in elke afgodsdienstempel in die hele wêreld plaasgevind het. In afgodsdien is liefde altyd die vennootskap tussen dit wat volgens God se wet reg en volgens God se wet verkeerd is.

Afgodsdien is altyd die wyse waarop mense sonde as liefde aanvaar. Dit is wat Paulus uitwys met die oproep dat ongelowiges nie in dieselfde juk as ongelowiges kan trek nie. (2 Kor. 6: 14) Omdat alle afgodsdien, soos Paulus in Romeine 1 verse 18 tot 32 beskryf, liefde bedryf as vennootskap tussen reg en onreg, kan daar geen gemeenskap wees in die liefde van gelowiges met die liefde in afgodsdien nie. Hulle bedryf sonde as liefde en dit maak liefde volgens God se wet onmoontlik.

In alles wat afgodsdien bedryf as liefde, is mense se harte vir mekaar gesluit. Om aan ander se sonde toe te gaan asof dit liefde is, is niks anders as om voor ander mense se mag te buig nie. Jy kan net ander voor jou mag laat buig en self voor ander se mag buig, wanneer jy jou hart vir hulle toegesluit het. Jy kan mag net uitoefen of aanvaar, met 'n hart wat gesluit is, nooit met 'n hart wat oop is nie. Mag gaan oor die weerhouding van liefde – wedersyds!

8. Bekering word regstellende aksie wanneer mense hulle harte vir mekaar sluit!

- Wanneer jy jou naaste teenoor jou skuldig verklaar en voor jou as veroordeelde, vervloekte en bestrafte laat staan, het jy jou hart vir jou naaste gesluit.
- Wanneer jy sonde bely as skulderkenning of belydenis van sonde eis as skulderkenning, het jy jou hart vir die een wat gesondig het gesluit!
- Wanneer jy vergoeding eis vir sonde, het jy jou hart vir jou naaste gesluit!

Want jy weerhou jou liefde totdat hulle skuld, veroordeling en bestraffing aanvaar en vergoeding gee!

Hierdie is die droefheid uit wêreldse oorwegings waarvan Paulus praat. Wêreldse oorwegings gaan altyd oor sondeskuld en vergoeding vir sondeskuld! In hierdie wêreldse oorwegings soek mense nie liefde nie maar mag oor mekaar.

Want die houding dat jy jou hart sluit vir ander totdat hulle as skuldiges voor jou kom staan en hulle skuld regmaak, is 'n magshouding waarmee jy jou hart vir hulle sluit en andersom ook. Hierdie eis dat bekering regstellende aksie sou wees op sondes wat gedoen is, maak juis dat mense hulle harte vir mekaar sluit in en deur skulderkenning heen.

Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie

9. Kom ons vergelyk dit met die hele aksie van politieke regstellende aksie waaraan ons onderwerp word: ons moet apartheid en die skade van apartheid as ons sonde bely.

Wat moes ons bely en wat het gebeur vir dit wat ons bely het?

Ons moes skuld bely, skuldverklarings aanvaar en vergoed vir die sonde van apartheid. Voor wie? Voor mense wat hulle harte vir ons oopgemaak het sodat ons in liefde een kan wees? Dit is nie waar nie. Ons moes hierdie skuldverklaring aanvaar en as skuldiges op ons knieë gaan voor hulle wat hulle harte vir ons gesluit het. Het hulle harte oopgegaan toe ons hulle skuldverklarings aanvaar het en ons skuld erken het? Dit is nie hoe bekering volgens wêreldse oorwegings werk nie! Hoe werk dit? Dit werk so! Wanneer jy onder hierdie skuldverklaring op jou knieë gaan en skuld aanvaar, dan bly jy sommer vir altyd daar op jou knieë en word 'n dienskneg onder my mag. Geen vergoeding vir die sonde van apartheid sal jou ooit weer uit hierdie onderwerping aan mag uitkry nie. Die bedoeling van skulderkenning en vergoeding is nie om harte oop te maak nie, maar om voor toe harte te buig.

Dit is hoe droefheid volgens wêreldse oorwegings werk! Wie die morele hoë grond kry deur ander se sondes onderwerp hulle aan mag en maak hulle gedienstig aan jou drifte.

Hierdie politieke regstellende aksie is net vandag 'n voorbeeld om vir ons te wys hoe werk alle bekerings van al die geestelikes in die wêreld. Hulle bekeer uit wêreldse oorwegings – met skuldverklarings moet mense skuld aanvaar en hulle aan mag onderwerp. So leef hulle in hul bekerings met mekaar en vir mekaar met geslote harte.

10. Hoe het die lidmate van Korinte tot bekering gekom van hul sonde om Paulus as leraar te verwerp?

Hy het hulle nooit skuldig verklaar en vergoeding geëis nie. Dit is presies wat hy in 7 vers 3 verklaar: “Ek sê dit nie om julle te beskuldig nie.” Paulus was bevange vir totaal iets anders en het gevra en gebid vir totaal iets anders as skulderkennis en vergoeding. Hy het gevra en gebid dat hulle hul harte weer vir hom sal oopmaak. 7: 2. Paulus het hulle ook nie voor 'n skuldverklaring gestel nie, maar die werklikheid van wat hulle gedoen het aangepreek met die woorde: “Julle het julle harte vir ons gesluit.” 6: 12. Paulus het ook nooit 'n posisie van mag en morele hoë grond teenoor hulle ingeneem nie so asof hulle voor sy morele oordeel, bestraffing of aanklag moes verskyn nie. Hy het die hele tyd vir hulle gewag met 'n hart wat wyd oop is! 6: 12 Paulus se oproep tot bekering was ook nie 'n oproep tot skuldbelydenis nie maar 'n oproep om hulle harte weer wyd oop te maak. 6:13

Gelowiges se bekering is liefde nie regstellende aksie nie

Waarvoor Paulus gebid en gevra het, het die lidmate gedoen – hulle het weer hulle harte oopgemaak. En dit is met hierdie oop harte dat hulle toe in droefheid gegaan het oor hul harte wat hul gesluit het.

Want hulle bekeer as nuwe mense! Hulle bely hul sonde om mekaar weer lief te hê en as wyse waarop hulle mekaar lief het. Hulle is bedroef oor hul sonde as mense wie se harte met liefde vervul is vir mekaar in juis in hierdie liefde die rou ervaar van liefde wat verlore geraak het.

11. Ons bekeer uit ons geloof in en tot die liefde wat ons vir mekaar het. Ons bekerings is nooit regstellende aksie teenoor mekaar nie.

- As man en vrou stel ons onself nie teenoor mekaar met skuldverklarings en skulderkennings nie, want ons glo in en deur Christus mekaar se onskuld! Ons erken dat ons in ons sonde ons harte vir mekaar gesluit het en deur ons harte wat ons vir mekaar oopmaak, voel ons die rou oor verlore liefde tussen mekaar.
- As kinders buig ons nie voor ons ouers se mag deur hulle skuldverklarings en ons skulderkennings nie. Ons keer ons in liefde tot hulle wat hulle harte vir ons wyd oophou om weer ons harte vir hulle oop te maak.
- As medegelowiges staan ons nooit weer voor mekaar se aanklagte, veroordelings, vervloekings en se bestraffings nie, maar maak ons geslote harte weer vir mekaar oop as mense wat God regverdig en heilig gemaak het.
- As gelowiges buig ons ook nie voor die skuldeise van politici en magtiges om met geslote harte op ons knieë voor hulle te gaan staan nie. Ons maak ons harte oop om elke medelandsburger mee saam te leef en mee saam te werk.

Kom ons hoor weer wat Paulus aankondig: wie uit wêreldse oorwegings tot bekering kom, is dood vir God en sy naaste! Want bekerings onder skuldverklarings en skulderkennings is bekerings met geslote harte.

Ons bekeer volgens die wil van God as geredde mense. Onskuldig, heilig en regverdig maak ons ons harte oop om met mekaar in liefde te leef en te sterf. Dit is hoe en waarom ons sonde erken en oor sonde rou!

Ons bekeer van sonde want sonde is niks anders as om jou hart vir mense te sluit nie. Sonde kan nie soos in alle afgodsdienste as liefde geleef word nie. Dit kan net erken word as die wyse waarop ons ons harte vir mekaar gesluit het.

Ons bekeer omdat ons liefhet, nie omdat ons skuldig is nie.